**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**JUNIE 2016**

**EKSAMEN**

**GRAAD 12**

**PUNTE : 80**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit *14* bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings :

| | |
|---|---|
| AFDELING A: BEGRIPSTOETSE | (30) |
| AFDELING B: OPSOMMING | (10) |
| AFDELING C: TAALWERK | (40) |

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!!!***

## AFDELING A : BEGRIPSTOETSE

**Lees deur die begripstoets en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**

**VRAAG 1**

**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

# SO TAAI DIE TAALTAMELETJIE

**Met die debat oor Maties se taalbeleid weer vuurwarm, kyk ons na wat als oorweeg moet word wanneer hieroor besin word.** [Deur RICHARD VAN RENSBURG]

Lanklaas was kampuspolitiek so lewendig.

Terwyl op universiteitskampusse in Potchefstroom en Bloemfontein woes oor transformasie gestoei word, verskyn daar skielik op YouTube ‘n dokumentêre video genaamd “Luister”.

In dié kortprent vertel ‘n groep swart studente van die Universiteit van Stellenbosch (US) hoe rassiste hulle boelie en beledig. Ander studente noem hulle onder meer die K-woord en slaan hulle in die dorp se kuierplekke, vertel hulle.

Boonop kla hulle die gebruik van Afrikaans in klasse maak dit vir hulle baie swaar om aan die US te studeer; hulle verstaan nie die taal nie.

‘n Organisasie met die naam “Open Stellenbosch” het betogings gereël om transformasie aan dié universiteit te eis.

Die rektor van US, professor Wim de Villiers, moes in die parlement verduidelik hoekom transformasie so stadig gebeur. Volgens syfers wat hy aan die parlement moes gee, is omtrent 62 persent van Stellenbosch se studente en 80 persent van die akademiese personeel wit.

En elke keer was dieselfde aanklag daar: Afrikaans word gebruik om studente op die kampus uit te sluit.

**Waarom die kampus-onrus?**

Ten spyte van sy ernstige bedenkinge oor die manier waarop studente op Stellenbosch protes aanteken, “kan die geldigheid van hul besware nie ontken word nie”, meen prof. Anton van Niekerk, professor in filosofie. “Dit gaan oor die gebrek van voldoende transformasie by die meeste Suid-Afrikaanse universiteite. Op Stellenbosch is veral vier sake ter sprake: taalbeleid, kampuskultuur, studente- en dosente demografie.” Volgens Anton kan die eerste twee probleme makliker opgelos word as die laaste twee.

**“Hoekom studeer hulle nie net elders nie?”**

Party mense wonder hoekom iemand wat nie Afrikaans kan praat nie, by ‘n tradisioneel Afrikaanse instelling soos die US wil gaan studeer.

Anton verduidelik dat die US “’n nasionale bate” is, en nie een kultuurgroep se besit nie. Die universiteit wil sy studentedemografie verander sodat swart, bruin en Indiër studente (op die

oomblik altesaam 38 persent) teen 2020 sowat helfte van die studentebevolking sal uitmaak. Dit moet gebeur omdat dit die regte ding is, nie omdat hulle onder druk is om dit te doen nie.

Mienke Mari Steytler, ontleder van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge, sê dat die US lankal na sy taalbeleid gekyk het en hulle het besluit dat dit moet verander "om 'n top universiteit te bly. Om net Afrikaans te bly en onaantreklik te wees vir baie slim jong mense wat nie die taal verstaan nie, sou nie 'n goeie besigheidsbesluit wees nie."

**Hoe werk meertalige onderrig?**

Anton noem 'n paar voorbeelde van hoe die US probeer om dit vir nie-Afrikaanssprekendes makliker te maak:

- In sekere lesings word vir hulle getolk terwyl dosente klas gee.
- Parallelmediumonderrig word ook aangebied, wat beteken dat studente kan kies tussen afsonderlike klasse in Afrikaans en Engels.
- Maties bied ook "dubbelmedium" klasse waar in dieselfde klas Afrikaans en Engels gepraat word.
- Ekstra leermateriaal kan ook gegee word wat studente help om alles in die klas te volg.

Die US wil eindelik 100 persent van sy klasse in sowel Afrikaans as Engels aanbied, sê Anton, hoewel hy nie seker is of dit sal werk nie. By dié universiteit word alle nagraadse programme in Engels aangebied. "Maar studente kan steeds in Afrikaans vrae vra en hul werk in Afrikaans doen as hulle dit verkies en dit prakties moontlik is."

Prof. Kobus Mentz, direkteur van die Noordwes-universiteit se skool vir opvoedkundestudie, verduidelik  Afrikaans word  "foutiewelik as 'n wit taal beskou. Baie bruin studente verkies om in Afrikaans onderrig te word. Taal moet losgemaak word van ras." Japie Gouws, besturende direkteur van die ATKV stem saam en sê: "Die meeste Afrikaanssprekendes is nie wit nie. Vyftig persent van hulle is bruin, 9 persent swart en 1 persent Indiër."

**Protes ... en politieke opportunisme**

Toe die betoging September op die US-kampus en die bakleiery by Elsenberg begin het, het dit Kobus gepla dat "baie van die betogers nie eens studente was nie."

Anton sê ook hy kry die indruk baie mense is "ingevoer om te kom betoog. En dit maak my skepties oor hoe sterk steun vir die vermeende ontevredenes op die oomblik is, veral op Stellenbosch." Studente moet aangemoedig word om hulle saak te stel op 'n manier wat by 'n universiteit pas.

**Waarheen nou?**

"Ons moet aktief optree om transformasieprosesse te versnel," meen prof. Nico Koopman, waarnemende viserektor. "Op Stellenbosch het ons nou 'n kantoor en komitee wat na transformasie kyk."

Politiek moet nie by taal ingebring word nie. Taal moet liewer vir nasiebou en versoening gebruik word. Ons elkeen behoort ook ‘n swart taal te leer. Hoe meer meertaligheid bevorder word, hoe groter sal ons begrip vir mekaar wees.

**Uit: Huisgenoot van 17 September 2015, bl. 14-16 (effens verkort en aangepas)**

1.1 Waaroor was al die bakleiery op die universiteits kampusse? Haal een woord aan as antwoord. 1

1.2 Gee een rede waarom die studente die video “Luister” opgeneem het. 1

1.3 Hoekom kla baie studente in die video oor die gebruik van Afrikaans in die klasse? Haal ‘n frase van 6 opeenvolgende woorde aan as antwoord. 1

1.4 Wie moes in die parlement gaan verduidelik hoekom transformasie so stadig gebeur? Gee die persoon se volle naam en sy posisie in die universiteit. 2

1.5 Watter persentasie van studente by die universiteit van Stellenbosch is wit? 1

1.6 Dink prof. Anton van Niekerk dat die studente rede het om te kla? Haal 10 opeenvolgende woorde aan wat dit bewys. 1

1.7 Pas die woorde in KOLOM B by die stellings in KOLOM A. Skryf net die nommer en letter neer as antwoord.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.7.1 Die universiteit van Stellenbosch | A. Prof. Nico Koopman |
| 1.7.2 Die viserektor van Stellenbosch universiteit | B. Tukkies |
| 1.7.3 US se nagraadse program | C. Maties |
| 1.7.4 Afrikaans | D. Net in Engels aangebied |
| | E. Nie net ‘n wit taal nie |
| | F. Prof. Wim de Villiers |

4

1.8 Noem twee maniere waarop die US klasse vir die nie-Afrikaanssprekende studente makliker gemaak het. 2

1.9 Hoe word Afrikaanse nagraadse studente geakkommodeer? Noem albei moontlikhede. 2

1.10 Was daar werklik so baie studente wat aan die begin van September in 2015 betoog het? Hoe weet jy? 1

1.11 Watter twee dinge het die US geimplementeer wat transformasie sal hanteer? 2

1.12 Volgens Nico, wat moet NIE by 'n taal ingebring word nie? 1

1.13 Wat moedig Nico ons almal aan om te doen om meertaligheid te bevorder? 1
[20]

**TEKS B: STATISTIEKE**

**[Uit: "Rapport", 10 April 2016]**

1.14 Wat was die gewildste passasiersmotor wat in 2015 uitgevoer is? 1

1.15 Watter twee plekke in Afrika het ook motors ingevoer? 2

1.16 Hoeveel geld het Frankryk op voertuie en voertuigonderdele spandeer? Skryf die bedrag voluit neer. 1

1.17 Verduidelik wat 'n "ligte handelsmotor" is. 1

1.18 Watter ligte handelsmotor het die meeste eenhede uitgevoer? Skryf die naam neer. 1

1.19 Uit watter tydskrif kom hierdie statistieke? Gee die naam. 1

1.20 Watter land het die meeste motors ingevoer? 1

1.21 Wat is die minste ligte handelsmotors-eenhede wat uitgevoer is? Gee die getal. 1

1.22 Van watter land af word al hierdie motors uitgevoer? 1
[10]

**TOTAAL VAN AFDELING A: [30]**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die onderstaande teks deur en voer die instruksies uit.

### INSTRUKSIES

1. Som die teks, “Terug skool toe” in jou eie sinne op.
2. Skryf jou sinne PUNTGEWYS neer.
3. Nommer jou sinne van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

TERUG SKOOL TOE ...

Dis ‘n bekende nagmerrie: Jy droom jy is terug op die skoolbanke. Dis weer huiswerk, naelbyt-eksamens, kwaai onderwysers ... maar vir Adragon de Melle is dit ‘n droom wat waar geword het – al spog hy met ‘n IK van doer verby 160 en ‘n honneursgraad in Wiskunde.

Adragon is net dertien jaar oud en hy het nog nooit kans gehad om sommer net seun te wees nie. Nou het sy ma besluit genoeg is genoeg en het hom terug skool toe gestuur. Hy was in die wolke toe hy dit hoor.

Adragon se probleem was sy pa, Augustin. Hy het vroeg al besef dat sy seun superslim is. Sy seun sou die beste en slimste wees, het Augustin besluit. Tussendeur het Adragon ‘n rolprent-draaiboek geskryf, leer klavier speel en skaak goed onder die knie gekry.

Op elf het hy Wiskunde aan die Universiteit van Santa Cruz verwerf – die jongste Amerikaner nog wat dit reggekry het. Maar hy’t ook ‘n stil boekwurm geword wat nie met die ander kinders kon speel nie.

Gelukkig het iemand gekla oor die jong kind se stil lewe by sy pa. Die polisie het hom gaan haal en die hof het sy ma, Cathy Gunn, toesig oor hom gegee.

Aan die begin was die skoollewe moeilik vir Adragon. Maar dis nou agter die rug en Adragon is besig om weer mens te word. Hy speel bofbal, blaas tromboon en hy troetel die haas met hangore en hamsters wat sy ma vir hom gekoop het.

Hy’t ook pas meisies ontdek. Die wonderkind se held is snaaks genoeg Amerika se gewildste gewone kind. Dit is die tekenprent-seun, Bart Simpson. Dit is al wat Adragon wil wees, ‘n doodgewone kind.

[10]

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande advertensie gebaseer.
- Opsetlike foute kom voor.

**TEKS D**

**Ons stel 'n revolusionêre plan bekend wat jou, vir die eerste keer in Suid Africa, belastingvrye groei bied sonder om enigsins toegang tot jou belegging te beperk. Dis buigsaam, sodat jy kan kies hoe jy wil belê – met enkelbedragbetalings, of 'n minimum 3.7(elke maand) belegging van R350.**

**En sou jy jou maksimum jaarlikse perk van R30 000 by Old Mutual spaar, kry jy tot die helfte van jou administrasiefooie terug. Benut die belastingvrye spaargeleentheid en moedig jou vriende en familie aan om 3.8___ spaar 3.10<u>deur</u> ook 'n plan uit te neem.**

**[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 17 Maart 2016, Bl. 46]**

3.1 Wie is die teikengroep van hierdie advertensie? 1

3.2 Hoekom sien die leser die woorde: "Die groot belastingvrye spaarkans" dadelik raak? 1

3.3 Hoe laat die volgende woorde (uit die advertensie), jou voel?

**"Dis wat vriende vir mekaar doen"** 1

3.4 Hoe weet jy die twee mense in die advertensie is gelukkig? 1

3.5 Wat dra die meisie in die advertensie om beter te kan sien? 1

3.6 Skryf die spelfout in die eerste paragraaf in die blok, korrek neer. 1

3.7 Verskaf een woord vir "elke maand". 1

3.8 Skryf die infinitief wat uit die volgende sin gelaat is, neer:

**"Benut die belastingvrye spaargeleentheid en moedig jou vriende en familie aan om ___ spaar."** 1

3.9 Wat dra die man in sy oor? 1

3.10 Gebruik die homofoon, "**deur**", in 'n sin sodat dit 'n ander betekenis het as in die advertensie. 1

**[10]**

## VRAAG 4: SPOTPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

## TEKS E:

4.1 Verduidelik in jou eie woorde wat die studie bevind het. 2

4.2 Wat doen die ma in raam 1? 1

4.3 Op watter manier help die ma se liggaamstaal in raam 1 om te wys hoe sy voel? 1

4.4 Watter woord in raam 1 beteken min of meer dieselfde as "besig"? 1

4.5 Voltooi die sin: **Die ma wil weet of haar seun ...** 1

4.6 Watter een van die volgende woorde beskryf die ma se gevoelens in raam 2 die beste?

A. Ontsteld
B. Kwaad
C. Gelukkig
D. Verlig 1

4.7 Waarom is die ma se reaksie in raam 2 ironies? 2

4.8 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.

**"Jan, waarmee is jy daar binne doenig?"**

Begin jou antwoord so: Ma vra vir Jan ... 1

**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

5.1

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS F**

## Bedorwe brakkies

As jy lief is vir reis en net so lief is vir jou woef, het jy seker al menige male met jou hande in jou hare gesit. Want hoe gemaak met Flaffie terwyl jy jou avontuur geniet? Los jy hom tuis, dryf sy geblaf die bure teen die mure uit. Neem jy hom na 'n herberg, voel hy verwerp en kom brandmaer daar uit.

Hondehotelle is die ideale oplossing. Ja, jy sal jou reisbegroting moet aanpas om jou viervoet se vakansie ook te kan bekostig, maar hy sal elke dag weet hoe lief jy hom het.

**Durban: Durban Dog Hotel**
Geen hokke is in sig nie, daaglikse balspeel- en stapsessies en uitstappies na die strand – waarvoor kan 'n hond nou meer wens?

Die Durban Dog Hotel laat “gaste” toe om saam met die oppassers op die banke te sit en selfs in hulle beddens te slaap.
En nadat Fido sy vakansie terdeë geniet het, kan jy hom ook sommer laat bad en sy tande laat borsel as ‘n geskenkie aan jouself.

- durbandoghotel.weebly.com

**Johannesburg: Must Love Dogs**
(Honde in dié hotel bly kan in ‘n verskeidenheid van suites), of selfs ‘n klein huisie met sibbes deel.

Elke kamer se dekor lyk anders – van die pienk en pers Prinses Suite tot die goud en groen Koninklike Suite, sommige selfs met televisiestelle en radio’s.

Die bedorwe brakke kry natuurlik net die beste as dit by kos en lekkernye kom – en kan selfs vir masserings of krap-en-kielie-sessies gaan in die spa, waar kalmerende musiek en die geur van vanielje hulle gemaklik maak.

- mustlovedogs.co.za

**Kaapstad: @Frits-hondehotel**
By dié hotel lei viervoete beslis nie ‘n hondelewe nie. Jy kan Brakanjan in die slaapsaal tussen sy nuwe maats laat oornag, of hy kan in sy eie suite bly, waar die televisie net die kanaal DogTV aanbied. Daaglikse tandesorg en heerlike (skuimbad) is ingesluit.

Daar is gereelde speelsessies, uitstappies en selfs opsionele opleiding, sodat jou woef selfs in ‘n beter toestand terugkom as toe jy hom daar gelos het. Daar is ook ‘n spyskaart met verskeie soorte hondekos om van te kies, en natuurlik net die beste lekkernye vir die viervoetige foodie.

- atfritsdoghotel.com

**[Verwerk uit: *Rapport Beleef*, 13 Maart 2016, Bl. 3]**

5.1.1 Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE VORM:

Sy geblaf irriteer die bure. 1

5.1.2 Verander die STELSIN na ‘n ALGEMENE VRAAGSIN.

Jy sal jou reisbegroting moet aanpas. 1

5.1.3 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Daar is ‘n spyskaart met verskeie soorte hondekos. 1

5.1.4 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Los jou hond tuis! 1

5.1.5 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Jy is lief vir reis en jou hond. Jy moet hom na die hondehotel stuur.
Begin so: Omdat ... 1

5.1.6 Verbeter die WOORDORDE van die sin.

Honde in dié hotel bly kan in ‘n verskeidenheid van suites 1

5.1.7 Gee die MEERVOUD van die woord in hakies.

Daaglikse tandesorg en heerlike (skuimbad) is ingesluit. 1

5.1.8 Gee die teenoorgestelde GESLAG van die woord in hakies.

Die (gasvrou) by die hondehotel was baie gasvry. 1

5.1.9 Skryf die volgende sin oor in die INFINITIEF.

Jy moet jou reisbegroting inkort.
Begin jou sin só: Jy behoort ... 1

5.1.10 Skryf die sin in die TEENWOORDIGE TYD oor.

Hondehotelle was die ideale oplossing. 1

5.1.11 Gee die ontbrekende VOORSETSEL.

Jy kan met ‘n geruste hart ___ vakansie gaan. 1

5.1.12 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord in hakies.

Ons is almal (lief) vir ons honde as enigiets anders. 1

5.1.13 Beantwoord die sin in die ONTKENNING.

Het jy al die hondehotel gesien?
Begin jou sin só: Nee, ... 1

5.1.14 Gee die PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD.

‘n Mens moet ___ hondjie mooi oppas. 1

5.1.15 Gee die BETREKLIKE VOORNAAMWOORD vir die woord in hakies.

‘n Mens betaal baie geld (vir+dit). 1

5.2

- Die taalvrae wat volg, is op die prent en paragraaf hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS G**

| | | |
|---|---|---|
| ESKOM voorspel donker jare vorentoe. Gelukkig was iemand pro-aktief. 5.2.1Jy het ‘n beurtkrag-bestande handboek. Jy kan jou klein 5.2.2 (tablet) maar by die huis los.<br>Wat is die goeie nuus 5.2.3 _<br>Al wat jy 5.2.4 (moed/moet) doen, is hard leer. Die persoon wat hierdie boeke ontwerp het, is sekerlik nou 5.2.5 (baie ryk). | 5.2.1 Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD.<br>5.2.2 Gee die VERKLEINWOORD vir die woord in hakies.<br>5.2.3 Verskaf die LEESTEKEN.<br>5.2.4 Kies die korrekte HOMOFOON.<br>5.2.5 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord in hakies. | **1**<br>**1**<br>**1**<br>**1**<br>**1** |

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: [40]**

**GROOTTOTAAL: [80]**